

Stefmar Midnight, Stemar Cornel, Stefmar Jenny en Stefmar Olga. Vra vir enige Simbrateler en hy sal van hierdie diere weet, en ook vir jou vertel van Fanie Maré, hulle teler.

Fanie en vroulief Settie het hulle na hul troue op die plaas Ysterspruit in die Klerksdorp-omgewing gevestig. Fanie was op daardie stadium by die stadsraad van Klerksdorp werksaam en deelyds betrokke by sy skoonpa se boerdery op Ysterspruit.

Op aandring van die skoonfamilie het hy in 1976 sy werk bedank en voltyds kom boer. Hy het 'n deel van die saaiery behartig en die totale beesboerdery hanteer, wat hoofsaaklik uit Afrisim-tipe koeie bestaan het. Brahmanbulle is met groot sukses op die koeie gebruik. In 1980 het hy die hele Overbrahm Brahmanstoet gekoop en by die Brahman Beestelersgenootskap aangesluit.

In die vroeë 1980's het hy besef dat hy hulp nodig het met sy beste se toekoms. Willie Snyman, destydse veekundige by Vleissentraal, was die man wat hom op die Simbra-pad geplaas het. In 1986 het hy by die Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap aangesluit en vir die volgende paar jaar die Brahmanstoet en sy nuwe Simbrastoet parallel met mekaar bedryf onder die vaandel, Fanie Maré Simbras.

“Ek het die stoeterie en skoonpa se kommersiële kudde dieselfde bestuur. Een van my heel belangrikste seleksiekriteria destyds was vrugbaarheid. Ek het 'n baie kort dekseisoen gebruik – ses weke vir verse, van die eerste November tot middel Desember, en tien weke vir die koeie, van middel Desember tot einde Februarie.”

Fase D-groeiotoets

Hierdie gesamentlike bestuur van die rasse het Fanie goeie geleentheid gegee om die rasse met mekaar te vergelyk. As deel van sy gespeende bulletjies se prestasietoetsing het hy 'n ekstensiewe Fase D-groeiotoets gedoen.

“Waar die bulle, beide Brahman en Simbra, onder presies dieselfde omstandighede getoets is, het ek 'n goeie R450 per kalf meer op veilings vir my uitskot-Simbrabulletjies gekry. Dit ten spyte van die feit dat ek per kilogram meer vir my Brahmankalwers gekry het. Wat konsepie- en speenpersen-

Vrugbaarheid lê die **fundament**

deur Izak Hofmeyr



Fanie en Settie Maré

tasie egter betref, was daar min verskil tussen die rasse.”

Natuurlik hang dit van jaar tot jaar af, maar, sê Fanie, hy het al ses- tot agt-maande-oue Simbrabulletjies op 200 dae teen gemiddeld 305 kg gespeen. Vanjaar was sy gemiddeld 258 kg, want dit was 'n moeilike jaar, maar deesdae speen hy effens vroeër omdat die mark nie meer die swaar speenkalf wil hê nie.

Met die Brahman destyds op die kruin van sy sukses, vertel Fanie, het dit gaandeweg moeiliker geword om 'n goeie bul te kon bekostig. Goeie Simbrabulle, hoewel nie so vryelik beskikbaar nie, was heelwat meer bekostigbaar. Die uitskot-Simbrakalwers was ook heelwat meer gesog as die suiwer Brahmankalwers. Derhalwe het hy sy fokus toenemend na die Simbras verskuif. In 2001, na 21 jaar, het hy sy Brahmankudde uitverkoop en met die Simbras aangegaan.

Hy het dit van die begin af sy doel gemaak om soveel moontlik kursusse en boeredae by te woon. Hy was een van vier persone wat die eerstes was om in 1995 'n Simbra-kursus met 'n A-simbool te slaag. Vandag is hy 'n raseksaminator en een van drie beoordelaars wat tydens die Simbras se 25-jarige feesweek vroeg in September op Parys gaan optree.

Seleksiekriteria

Vrugbaarheid bly sy nommer een kriterium, en die tweede wat na hieraan is, is die koeie se vermoë om 'n gesonde, sterk kalf te speen.

“Ek verwag dat my koeie ten minste 'n kalf van 45% van haar eie liggaamsmassa op 200 dae speen. Aanvanklik hou ek so 70% van my verse terug, en op ouderdom een jaar selekteer ek weer vir konformasie en op grond van Breedplan-syfers. Op so sestien maande keur die raskeurders en dan vind my laaste vers-keuring net voor dektyd plaas.

“ 'n Veeartsenykundige tegnoloog ondersoek dan al my verse vir bekkengrootte. Op grond daarvan sal ek dan die laaste keer prul voor die diere gedek word. Die dekseisoen self dien ook as seleksiekriterium, want verse wat op agtien maande nie dragtig raak nie, gaan somerdekseisoen toe. Die wat dán nie dragtig raak nie, word geslag.”

Waar Fanie in die verlede van goeie genetiese materiaal ontslae geraak het as die koeie vir die een of ander rede oorslaan, het hy besluit om eerder 'n goeie koeie wat in die somerdekseisoen oorslaan, weer in die winterdekseisoen dragtig te probeer kry, en haar dan die volgende Meimaand op sy produksieveiling met haar kalfie te verkoop.

Bulseleksie

Fanie is veral bekend vir twee bullyne wat by hom en by verskeie ander telers baie goed gedoen het, naamlik die J-lyn (Jared) en die V-lyn (Bul 9950) na wie Fanie as die vyftig-lyn verwys.

“Ek hou die twee lyne soveer moontlik uitmekaar, maar binne die lyne sal ek eksperimenteer soos om ’n kleindogter van Jared met een van sy direkte seuns te paar, en dan weer omgekeerd in die vyftig-lyn.

“Die keuse van ’n bul hang ewe veel van syfers as van jou oog af. Natuurlik moet sy syfers aanvaarbaar wees, maar fisies hy so na as moontlik aan die ideale prentjie wees.”

Fanie glo daaraan dat minstens drie van sy bulle onverwant aan sy koeie moet wees. Tans gebruik hy onder andere die seuns van drie Amerikaanse bulle, Patriot, Prevail en Becherovka. Twee seuns van Red Bullet gaan ook vanjaar gebruik word.

Die Prosim-studiegroep, waaraan hy behoort, het vanjaar met ’n voerkraal ooreengekom om ’n Fase D-groeitoets vir hulle lede aan te bied. Die voerkraal koop die bulletjies by die telers, en voer hulle vir ’n tydperk sonder groeistimulante. Aan die einde van die toetsperiode kan elke teler sy bulle wat goed presteer het, terugkoop. In beide gevalle geld huidige markpryse as riglyn.”

Veilings

Dis nou reeds nege jaar dat Fanie sy eie produksieveiling aangebied. Sy seun, Jaco van Jacmar Simbras, het by hom ingeval en hulle hou ’n gesamentlike veiling. Die afgelopen twee jaar nooi hulle ook ’n gasverkoper, Abraham Pelser van Steenbokpan, om diere te bring.

“Dis belangrik dat jy jou aanbod op so ’n vlak sal hê dat jy kopers lok. Dis waarom jy ook van jou heel beste koeie beskikbaar stel. Ek probeer ’n verskeidenheid aanbied – verse, dragtige koeie, koeie met kalwers en dan drie-in-eens. Maar ek sorg dat ek ten minste een goeie kalf van so ’n koeie in my kudde oorhou.”

So het hy vanjaar byvoorbeeld die koeie, Stefmar Jenny (FM 05174), wat in 2010 die Superkoeie op die Internasionale Kampioenskappe op Vryburg was, saam met haar verskalf aangebied. Hy het twee uitmuntende dogters en haar 2011-verskalf in sy kudde oorgehou. Die koper neem haar toe na die Royal-skou



Die uitstaande koeie, Stefmar Jenny



Die bul FM0639, ’n seun van Jared, een van die stamvaders van Stefmar Simbras

toe, en daar word sy ook Superkoeie! Wat veilingsbulle betref, glo hy hulle moet fiks en in goeie kondisie wees sodat die nuwe eienaar hulle dadelik kan gebruik sou hy wou. Hy bied ook van tyd tot tyd beproefde stoetbulle aan, maar slegs as een van sy seuns hom vervang.

Prestasies

Verskeie van Fanie se diere het ’n impak op die ras gehad. Stefmar Olga was in 2005 internasionale juniorkampioenkoeie, reserwe raskampioen en interras juniorkampioen. Sy is deur die Quatrogroep gekoop waar sy intensief gespoel is en uitstekende kalwers geteel het.

’n Ander is Stefmar Jenny, die 2010 Internasionale Superkoeie, en haar seun Stefmar Cornel, die grootkampioenbul op Lichtenburg. Dan is daar die bekende Stefmar Midnight wat as kalf saam met sy moeder, FM0221C, verkoop is.

“Hierdie is goeie voorbeelde van die voordele as jy uitstaande diere aan ander telers beskikbaar stel. Daar is ’n hele paar bulle wat hier by my op die plaas maar net nog ’n goeie bul sou gewees het. In die hande van hulle nuwe eienaars het hulle nasionaal naam gemaak.

“Daardie goeie publisiteit is baie voordelig vir my stoetnaam. Ek is aan die kopers van my diere baie dank verskuldig.” **VP**